

Jesaja 11 verse 1 tot 16

Tema: Hoop op 'n menswaardige lewe

Hulle glo niks meer nie. Hulle gee nie meer regtig om nie. Hulle wil nie regtig meer iets weet of leer nie. Hulle meng by niks meer in nie en wil nêrens betrokke raak nie. Hulle geniet niks nie. Hulle haat niks nie. Hulle vind sin in niks nie. Hulle leef vir niks nie. Hulle bly maar net aan die lewe omdat daar niks is om voor te sterf nie.

Met dié woorde beskryf 'n Amerikaanse teoloog mense wie se harte met hooploosheid vervul is. Hooploosheid, mismoedigheid, swartgalligheid, ontrekking aan alles, onbetrokkenheid, apatie. So voel baie mense in ons dag. Sommige verlang terug na die sogenaamde goeie ou dae toe daar wet en orde was, toe gesag van ouers en kerk en onderwysers nog aanvaar was, toe die lewe minder gekompliseerd was. Hulle emigreer, nie na die buiteland nie, maar na binne, na hulle eie private wêreld waar hulle, hulle afgrens van die buitewêreld.

En mense kan nie blameer word dat hulle so voel nie. Dink maar aan hulle wat nie weet waar die volgende stukkie brood vandaan sal kom nie of hoe skoene en klere vir die kinders gekoop gaan word voor die winter kom nie. Dink aan hulle vir wie partytjies, kerkbasaars en selfs kersfees angswekkend is want daar is nie geld vir kos nie, om nie eens van geskenke vir die kinders te praat nie. Ja, die skreiende nood van die medemens vervul vele met hooploosheid. Net so ook die geweld en morele agteruitgang in die samelewing: Kinders – selfs babas – word verkrag en gemolesteer. Leiers kan nie meer vertrou word nie. Die saak van die noodlydende word nie deur hulle voorop gestel nie. MIV/vigs neem skreiende afmetings aan. Ons raak ook nie ontslae van sosiale euwels soos rassisme en die uitbuiting van vroue en magteloses nie. Veranderinge in ons samelewing is so baie en so vinnig dat dit voel asof ons in 'n wegholwêreld leef. Ons verstaan nie alles nie en ons het nie meer beheer oor alles nie. Die ekonomie bepaal wat mag en nie mag nie. Wie nie tegnologie geskool is en geld het nie, wie nie ekonomies nuttig is nie, word al hoe meer uitgeskuif uit die sentrum van die samelewing.

In hierdie situasie van skynbaar onoorkomelike wanhoop te midde van al die berge wat uitgeklim moet word, sê Jesaja 11 vers 1 vir ons daar is hoop. Daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Israel. Hoor u dit? Ons verlossing kom van 'n takkie. Ons bevryding kom van iets so klein en kwesbaar, so teer en broos soos 'n takkie. So werk onse God. So bring Hy die bevryding. Nie noodwendig in die vorm van die buitengewone, die grote, die skouspelagtige nie. Wie nie oog het vir die klein, onopvallende tekens van God se teenwoordigheid nie, sal 'n moedelose mens wees. Hulle bly sonder hoop, hulle wat nie leer om God se reddende teenwoordigheid te sien in die glimlag van 'n baba, in die sorgvrye spel van kinders, of in die bemoedigingswoord van vriende nie.

Die hoop waarvan ons leef is die belofte wat in die takkie verskuil is, van die Baba van Betlehem, die onbekende Jongman van Nasaret, die weerlose Man aan die kruis. Wat sal reg doen aan die armes, wat toesien dat billikheid teenoor almal geskied, wat sagmoedigheid eerder as tirannie bepleit en beliggaam, wat sal sorg dat getrouheid, betroubaarheid en integriteit

gestalte kry, wat die onversoenlikes versoen, wat lewe in oorfloed bring, wat alles wat stukkend is heel maak, wat alles wat op verkeerde plekke staan op regte plekke plaas.

Om op Hom te wag, is nie soos om in 'n ry te staan en wag nie. Dis nie 'n passiewe, frustrerende wag nie. Dis 'n aktiewe wag. Dis 'n wag wat weet die saad is reeds geplant. Dit het reeds begin groei. Dis 'n wag wat weet dit waarvoor ek wag, dit waarop ek hoop, het reeds gestalte begin kry. Dis om te weet dat net hier, hier waar ek is in my donker omstandighede, is iets besig om te gebeur. En ek wil dit nie mis nie.

Wie so wag, skep moed en sê ja vir die lewe. Hulle raak betrokke en doen dit op beskeie, klein, onskouspelagtige, brose wyse, net soos die takkie ...